

16 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 17:6-12
Fokusgedeelte: DL, 1:7

Eenmaal 'n kind van God, altyd 'n kind van God!

Die uitverkiesing gee vastigheid in 'n gelowige se lewe. Ons bely dat die uitverkiesing “'n onveranderlike voorneme van God” is. Dit gee vir my die troos: eenmaal 'n kind van God, altyd 'n kind van God! God het my en al die ander uitverkorenes eens en vir altyd vir Christus gegee om salig te maak. Hy is die fondament van my saligheid. My kindwees van God rus dus op 'n onwankelbare fondament, Jesus Christus! Net so min as wat ek kan ophou om my ouers se kind te wees, net so min kan my kindschap van God verval!

Tog dink ons en praat ons nie altyd so daaroor nie. Nee, baie mense sê byvoorbeeld vir hulle kinders dat as hulle soet is, is hulle kinders van die Here, en as hulle stout is, is hulle kinders van die duiwel. Hoe verwarrend moet dit tog nie vir die arme kinders wees nie! Dit laat hulle glo hulle gedrag bepaal hulle kindschap van God. Hulle leef dan elke dag met die twyfel: Is ek nou 'n kind van die Here of is ek nie?

Nee, God het my voor die skepping al gekies om sy kind te wees volgens sy onveranderlike besluit. Daarom leef ek soos 'n kind van God. Ek leef so nie om 'n kind van God te kan word nie, maar omdat ek reeds 'n kind van God is! As ek eenmaal 'n kind van God is sal God my “kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar ...”

Omdat God se uitverkiesing 'n onveranderlike voorneme is, is my eindbestemming in die Nuwe Jerusalem ook onveranderlik! Daarom kan ek vandag ook leef soos iemand wat weet waarheen ek op pad is.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~